Senwes

2012

Oktober

Tussentydse resultate

BEDRYFSOORSIG

FOKUSPUNTE

FINANSIËLE FOKUSPUNTE

Omset (R'm)



Wins na belasting (R'm)



Wesensverdienste per aandeel (s/a)



RISIKO- & OPBRENGS-AANWYSERS

Dividend (s/a)

Eiekapitaalverhouding
(ekwiteit/totale bates)



Opbrengs op ekwiteit
(vir 6 maande)



BEDRYFSOORSIG

Grainlink resultaat (R'm)

– Laer openingsvoorraad het tot gevolg gehad dat die graan-besigheid die seisoen onder druk begin het.
– Alhoewel daar meer hektare aangeplant is as die vorige jaar, is heelwat laer opbrengste per hektaar gerealiseer en gevolglik is minder tonne as verwag gelewer.
– Op 'n nasionale basis is minder graan uitgevoer as die vorige jaar en beide hanterings-inkomste en verhandelings-kommissie is negatief hierdeur beïnvloed.
+ Die Bunge Senwes gesamentlike onderneming het goeie resultate gelewer met internasionale en plaaslike verhandeling.
+ 'n Vroeë oesseisoen het bygedra tot hoër silo-inkomste aangesien graan vinniger deur die silo-infrastruktuur geneem is.
+ Markaandeel is verhoog weens verhoogde dienslewering.

Village resultaat (R'm)



+ Die uitbreiding van mark-aandeel in meganisasie bedrywighede asook 'n styging in markaktiwiteite het verhoogde heelgoedere-verkope tot gevolg gehad.
+ Hoë kommoditeitspryse het 'n goeie insetsiklus ingelei en die verhoogde plantvoornemens het kleinhandels- en direkte verkoopsbesigheid gestimuleer.
+ Omset is in die proses verhoog teen dieselfde marge.

Finansiële Dienste resultaat (R'm)



– Die kredietmarge het onder druk gekom aangesien kliënte hul skuld vinniger as verwag afgelos het.
+ Die aantal kredietaansoeke vir die nuwe seisoen het toegeneem en markaandeel kon verder uitgebrei word.
+ Die batefinansieringsboek is gestimuleer deur die goeie meganisasiesiklus.

BESIGHEIDSOORSIG

PROFIEL

Senwes is 'n geïntegreerde landboudienstebesigheid geposisioneer in die graanwaardeketting tussen die plaashek en die graanafnemer. Senwes verskaf produksie-insette en kapitaalgoedere aan hoofsaaklik die graanprodusent, waarna toegang tot die mark vir die kliënt se oesopbrengs bewerkstellig word.

Finansiering en logistieke dienste verskaf die nodige waardetoevoegende finansiële en landboukundige dienste aan kliënte. Besigheid word hoofsaaklik in die Vrystaat, Noordwes, Gauteng en Noord-Kaap bedryf, en ook internasionaal in die SAOG streek.

FINANSIËLE EN BEDRYFSOORSIG

Die groep se netto wins na belasting beloop R187 miljoen vir die eerste ses maande en verteenwoordig 'n styging van 65,5% vanaf vorige jaar se resultaat van R113 miljoen, terwyl die omset van R7,3 miljard op dieselfde vlak is as die vorige jaar. Wesensverdienste styg met 6,7% van 66,9 s/aandeel na 71,4 s/aandeel.

Bedryfskapitaal is 8,6% hoër as die vergelykende tydperk van die vorige jaar weens die verhoging in heelwerktuigvoorraad, verhoging in handels- en graandebiteure en 'n verhoging in graanvoorraad, hoofsaaklik die gevolg van hoër kommoditeitspryse. Die eiekapitaalverhouding van 39,9% is steeds binne die kapitaalhandhawingsriglyne van tussen 35% en 45%.

Die netto batewaarde het sedert jaareinde van R7,57/aandeel na R8,44/aandeel toegeneem nadat 'n finale dividend van 15 s/aandeel in September 2012 betaal is.

PRESTASIE VAN BESIGHEIDSEGMENTE

FINANSIËLE DIENSTE

Senwes Credit

Die 2011 someroes het op 31 Augustus ten einde geloop en die uitstaande skuld van die seisoen soos op 31 Oktober 2012 het R144 miljoen beloop, wat 10,6% (2011:10,9%) van die totale boek verteenwoordig. Kliënte het, ten spyte van 'n buitengewone droë jaar, steeds goeie omsette gerealiseer en met 'n kombinasie van goeie kommoditeitspryse kan goeie boerderymarges weereens die basis vorm vir 'n goeie semester ten opsigte van landbou-insette.

Senwes Credit se marges het in die eerste deel van die jaar onder druk gekom as gevolg van die hoër koste van kapitaal en die vinniger as verwagte terugbetaling van produksieskuld. Kredietreëlings wat vir die produksiejaar reeds in plek is, dui daarop dat die markaandeel gesond kan groei. Die benutting daarvan is egter nog in afwagting van 'n goeie reënseisoen terwyl plantvoornemens gestimuleer word deur goeie kommoditeitspryse wat tans heers.

Univision

Gedurende die tydperk onder oorsig het Senwes en NWK hulle versekeringsbesighede saamgesmelt en is die onderneming reeds in proses van uitbreiding en realisering van sinergieë.

SENWES VILLAGE

Die boerderymarges vir die eerste ses maande van die finansiële jaar was deurlopend op goeie vlakke en het gelei tot beter as verwagte meganisasie- en insetverkope.

Die produsente het hul meganisasiegoedere opgegradeer teen 'n stywe pas en John Deere het sy regmatige markaandeel herwin, terwyl Senwes se verhoogde diensleweringsvlakke verkope hiervan gesteun het. Landbou-insetverkope het op feitlik al die produkte bo begroting presteer en goeie verskaffersooreenkomste vorm die fondasie vir 'n mededingende produkaanbod op die regte tyd en plek.

SENWES GRAINLINK

Baie lae voorraadvlakke is oorgedra vanaf die vorige jaar en Grainlink was van meet af onder druk. Die oes het egter vroeër as verwag gerealiseer en in vergelyking met 2011 is meer graan gedurende die eerste ses maande van die finansiële jaar ontvang. Die lae voorraadvlakke en die stakings in die vervoerbedryf het egter druk geplaas op die resultaat van Grainovation.

Gedurende die tydperk onder oorsig is 50% van Senwes se Afrika belange aan Bunge verkoop en belyn met 'n streeksbenadering ten opsigte van die bemarking van graan.

PROGNOSE

Die graanvoorraadvlakke is steeds onder druk en sal na verwagting negatief inwerk op silobergingsinkomste vir die volgende ses maande. Indien die graanpryse bo uitvoerpariteit bly verhandel, word hoër oordragvoorraadvlakke as in April 2012 voorsien, wat 'n beter besigheidsbasis vir die komende finansiële jaar sal bied. Ons verwag dat die bullopie ten opsigte van meganisasie vir die grootste gedeelte van die res van die jaar sal voortduur. Die gunstige kommoditeitspryse en verhoogde aanplantingsintensies stel 'n positiewe insetjaar in die vooruitsig. Buitengewone lae of laat reënval kan egter die verwagting omkeer.

Die groep sal waarskynlik nie die eerste ses maande se prestasie in totaal herhaal nie, maar 'n bestendige tweede helfte word in die vooruitsig gestel.

ANDER ASPEKTE

AFGRI TRANSAKSIE

Gedurende November het die direksies van Afgri en Senwes die aangaan van 'n transaksie goedgekeur in terme waarvan die twee landboumaatskappye hul landbou-kleinhandelsbesighede sowel as Partrite, die Afgri groothandelsfiliaal, sal saamsmelt om 'n nuwe gesamentlike onderneming tot stand te bring, waarin beide partye 'n 50% aandeel sal hou. Afgri sal ingevolge die ooreenkoms R94 miljoen betaal vir 50% deelname in die gesamentlike onderneming. Die transaksie is onderhewig aan goedkeuring deur die Mededingingskommissie.

DIVIDENDE

'n Tussentydse dividend van 26 s/aandeel (2011: 20 s/aandeel) is verklaar. Dividende sal op ongeveer 14 Desember 2012 aan die aandeelhouers betaal word wat as sulks op die aandeleregister van 5 Desember 2012 geregistreer is.

Met volmag van die Direksie



JE Grobler
Voorsitter

F Strydom
Besturende Direkteur

CF Kruger
Finansiële Direkteur

5 Desember 2012
Klerksdorp

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	% verandering	6 MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2012 Onge-ouditeer R'm	6 MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER 2011 Onge-ouditeer R'm	12 MAANDE GEËINDIG 30 APRIL 2012 Geou-ditеer R'm
Inkomste	- 0,1%	**7 305**	7 310	13 097
Bedryfswins voor depresiasie en amortisasie (EBITDA)	+ 25,4%	**296**	236	487
Depresiasie en amortisasie		**(18)**	(20)	(40)
Bedryfswins voor finansieringskoste (EBIT)	+ 28,7%	**278**	216	447
Finansieringskoste		**(50)**	(48)	(92)
Wins na finansieringskoste	+ 35,7%	**228**	168	355
Ander beleggingsinkomste		**-**	-	2
Wins vanuit geassosieerdes en gesamentlike ondernemings		**12**	4	5
Wins voor belasting	+ 39,5%	**240**	172	362
Belasting		**(53)**	(59)	(97)
Wins vir die tydperk na belasting	+ 65,5%	**187**	113	265
Ander omvattende inkomste				
Billike waarde aanpassing t.o.v. beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates		**-**	-	-
Aanpassings in kontantvloei-verskansings		**-**	(7)	-
Buitelandse valuta omskakelings-verskille – buitelandse bedrywe		**(3)**	2	-
Totale omvattende inkomste vir die tydperk, na belasting	+ 70,4%	**184**	108	265
Wins toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houer-maatskappy		**186**	113	264
Nie-beherende belang		**1**	-	1
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houer-maatskappy		**183**	108	264
Nie-beherende belang		**1**	-	1
Verdienste en wesensverdienste				
Wins vir die tydperk, na belasting		**186**	113	264
Waardedalings en aanpassings op silo's en ander geboue		**-**	8	(51)
Verlies op buitelandse valuta		**-**	-	8
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		**-**	-	(1)
Wins met verkoop van beleggings		**(73)**	-	-
Waardedaling van belegging		**12**	-	-
Herstruktureringskoste		**4**	-	20
Wesensverdienste	+ 6,7%	**129**	121	240
Geweegde gemiddelde aantal aandele uitgereik ('000)		**180 789**	180 789	180 789
Verdienste per aandeel (sent)	+ 64,6%	**102,9**	62,5	146,0
Wesensverdienste per aandeel (sent)	+ 6,7%	**71,4**	66,9	132,8
Dividende				
Dividende (sent)		**26,0**	20,0	60,0
Tussentydse dividend		**26,0**	20,0	20,0
Tweede tussentydse dividend		**-**	-	25,0
Finale dividend		**-**	-	15,0
Netto batewaarde per aandeel (sent)		**844**	714	757

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	SOOS OP 31 OKTOBER		SOOS OP 30 APRIL
	2012 Onge-ouditeer R'm	2011 Onge-ouditeer R'm	2012 Geou-ditеer R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**312**	242	297
Belegging in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	**120**	27	59
Finansiële bates	**3**	3	3
Termyndebiteure	**371**	273	311
Uitgestelde belasting	**22**	24	26
	828	569	696
Bedryfsbates			
Voorraad	**1 404**	1 352	709
Handels- en ander debiteure	**1 139**	1 061	1 589
Ander lenings ontvangbaar	**52**	2	39
Agentskapsgraandebiteure	**380**	211	274
Afgeleide finansiële instrumente	**21**	-	41
Kontant- en kontantekwivalente	**22**	50	24
	3 018	2 676	2 676
Totale bates	**3 846**	3 245	3 372
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Kapitaal en reserwes			
Aandelekapitaal	**1**	1	1
Aandelepremie	**67**	67	67
Nie-verdeelbare reserwe	**(2)**	-	1
Behoue inkomste	**1 458**	1 224	1 299
Eie ekwiteit	**1 524**	1 292	1 368
Nie-beherende belang	**9**	6	8
Totale ekwiteit	**1 533**	1 298	1 376
Nie-bedryfslaste			
Rentedraende langtermynlenings	**450**	355	450
Langtermyn werknemervoordele	**4**	5	7
Aftreevoordele – verpligting voorsien	**-**	2	-
	454	362	457
Bedryfslaste			
Handels- en ander krediteure	**848**	686	520
Rentedraende korttermynlenings	**979**	837	964
Afgeleide finansiële instrumente	**5**	18	7
Lenings vanaf verwante partye	**11**	21	26
Belasting betaalbaar	**10**	4	7
Voorsienings	**6**	19	15
	1 859	1 585	1 539
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**3 846**	3 245	3 372

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	6 MAANDE GEËINDIG 31 OKTOBER		12 MAANDE GEËINDIG 30 APRIL
	2012 Onge-ouditeer R'm	2011 Onge-ouditeer R'm	2012 Geou-ditеer R'm
Kontant deur bedryfsaktiwiteite gegenereer	**224**	249	508
Beleggingsinkomste	**-**	-	2
Belasting betaal	**(44)**	(50)	(92)
Finansieringskoste betaal	**(50)**	(48)	(89)
Dividende betaal	**(27)**	(45)	(126)
Verandering in bedryfskapitaal	**(79)**	(30)	(155)
Netto kontantvloei uit bedrywighede	**24**	76	48
Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(26)**	(43)	(133)
Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite	**(2)**	33	(85)
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	**-**	-	102
Netto (afname)/toename in kontant- en kontantekwivalente	**(2)**	33	17
Buitelandse omrekeningsverskille	**-**	-	(10)
Kontant- en kontantekwivalente – begin van tydperk	**24**	17	17
Kontant- en kontantekwivalente – einde van tydperk	**22**	50	24

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

Vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2012

	Uitge-reikte aandele-kapitaal R'm	Behoue inkomste R'm	Nie-verdeelbare reserwe R'm	Nie-beherende belang R'm	Totaal R'm
Saldo 30 April 2012 (Geouditeer)	**68**	**1 299**	**1**	**8**	**1 376**
Wins vir die tydperk	-	186	-	1	187
Ander omvattende inkomste	-		(3)	-	(3)
Dividende betaal	-	(27)	-	-	(27)
Saldo 31 Oktober 2012 (Ongeouditeer)	**68**	**1 458**	**(2)**	**9**	**1 533**
Saldo 30 April 2012 (Geouditeer)	**68**	**1 161**	**1**	**-**	**1 230**
Wins vir die tydperk	-	113	-	-	113
Ander omvattende inkomste	-	(5)	(1)	-	(6)
Dividende betaal	-	(45)	-	-	(45)
Nie-beherende belang in besigheidskombinasies	-	-	-	6	6
Saldo 31 Oktober 2011 (Ongeouditeer)	**68**	**1 224**	**-**	**6**	**1 298**

1. VERSLAGDOENINGSENTITEIT

Die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state van Senwes Beperk soos op en vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2012, bestaan uit die Maatskappy, al sy filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes (saam na verwys as die "Groep").

2. BASIS VAN VOORBEREIDING

Die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state is opgestel volgens en voldoen aan die vereistes van IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening*.

Die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state sluit nie al die inligting en openbaarmaking vereis soos vir finansiële jaarstate in nie, en moet in samewerking met die Groep se finansiële jaarstate soos op 30 April 2012 gelees word.

Die rekeningkundige beleid wat in die voorbereiding van die tussentydse verkorte gekonsolideerde finansiële state toegepas is, stem ooreen met dié wat gevolg word in die voorbereiding van die Groep se jaarlikse finansiële state vir die jaar geëindig 30 April 2012.

3. HERSTRUKTURERING VAN SENWES FILIALE

3.1 SENWES BPK EN BUNGE EUROPA

Die belegging en lenings van die Afrika maatskappye, gehou deur Senwes Bpk en Senwes International Holdings (Edms) Bpk, is op 31 Augustus 2012 verkoop aan Senwes Mauritius Bpk (100% besit deur Senwes Groep). Dit is daarna oorgedra na Bunge Senwes International Bpk (Mauritius), waarna 50% van die aandele deur Senwes Mauritius Bpk gehou, deur Bunge Europa gekoop is.

Die belang in Bunge Senwes International Bpk sal volgens die ekwiteringsmetode verantwoord word.

'n Wins met verkoop van die buitelandse bedrywe van R13,5 miljoen is in wins en verlies erken.

3.2 SENWES BPK EN NWK BPK

Senwes en NWK het hulle versekeringsbesighede op 1 Mei 2012 gekonsolideer in 'n nuwe maatskappy waarin die twee aandeelhouers elk 50% belang hou, naamlik Tarasti (Edms) Bpk.

'n Wins na belasting van R9,6 miljoen uit die verkoop van aandele aan NWK Bpk is in wins en verlies erken.

Die bates en laste van die Univision Groep is onterken op 1 Mei 2012 en 'n wins na belasting van R37,4 miljoen is erken.

Senwes sal die oorblywende 50% belang in Tarasti volgens die ekwiteringsmetode verantwoord.

4. AANKOPE EN VERVREEMDING VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Gedurende die ses maande tot 31 Oktober 2012 het die Groep eiendom, aanleg en toerusting ten bedrae van R37 miljoen aangekoop. Eiendom, aanleg en toerusting met 'n boekwaarde van R0,2 miljoen is gedurende die tydperk vervreem.

5. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES

5.1 SENWESBEL BPK. ("SENWESBEL")

Dividende van R16 miljoen is aan Senwesbel betaal en rente van R0,6 miljoen is gedurende die tydperk aan Senwesbel op hul lenings-rekening betaal.

5.2 HANDELSDEBITEURE – DIREKTEURE

Die handelsdebiteure bestaan uit produksiekredietrekenings sowel as ander rekenings waarvoor klante van die Maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoers op die lenings is ooreenkomstig die maatskappybeleid wat geld vir al die klante van die Maatskappy.

Op 31 Oktober 2012 was direkteure R36,5 miljoen verskuldig aan die Groep. Krediet is op 'n armslengtebasis verskaf ingevolge die krediet-beleid van die Groep.

6. KAPITALE VERPLIGTINGE

Verbintenisse reeds gekontrakteer beloop R18 miljoen en sal gefinansier word uit kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite terwyl 'n verdere R24 miljoen se kapitale uitbreiding gemagtig is deur die direksie maar nog nie gekontrakteer is nie.

7. BEDRYFSEGMENTE

Segmente word opgedeel in Krediet (as finansier); Village (as 'n inset-verskaffer van landbou-insette en -heelgoedere) en Grainlink (as mark-toegang vir landbou-uitsette)

SEGMENTINKOMSTE

		6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	% verandering	2012 R'm	2011 R'm	2012 R'm
Finansiële dienste (Senwes Credit en Univision)	- 29,0%	**66**	93	168
Insetverskaffing (Senwes Village)	+ 41,8%	**1 580**	1 114	2 259
Marktoegang (Senwes Grainlink)	- 7,3%	**5 653**	6 100	10 659
Normale bedyfsaktiwiteite	- 0,1%	**7 299**	7 307	13 086
Korporatiewe koste		**6**	3	11
Ander inkomste		**-**	-	-
Totale inkomste		**7 305**	7 310	13 097
Wins voor belasting				
Belasting				
Wins vir die tydperk, na belasting				

8. ANDER VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

8.1 APPÈL: SENWES/MEDEDINGINGSKOMMISSIE (CTH-KLAGTE)
Senwes en die Mededingingskommissie is tans in 'n onderhandelingsproses in 'n poging om die saak te skik.

8.2 ONDERSOEK NA DIE GRAAN SILO INDUSTRIE (GSI-SAAK)
Die Kommissie het 'n ondersoek geloods na die GSI-rolspelers met betrekking tot 'n klagte van samespanning wat verband hou met die 1% sifselaftrekking en vogvoorskrifte.

Hierdie beweerde oortreding in terme van artikel 4(1)(b) dra 'n boete van 10% van die vorige jaar se omset.

Hierdie historiese praktyke vorm deel van wetlike voorskrifte wat sedert 1923 in plek was. Dit is 'n bedryfsaak en sal as sodanig hanteer word.

Die saak is steeds hangende.

8.3 MASHIKE & ROSS (TRUSTEES VAN DIE TREACLE FUND II TRUST) ("TREACLE") TEEN SENWESBEL EN SENWES.
Die saak is steeds hangende en die toekenning van 'n appèldatum deur die Hoërhof word afgewag.

SEGMENT RESULTAAT

% verandering	6 maande geëindig 31 Oktober 2012 R'm	6 maande geëindig 31 Oktober 2011 R'm	12 maande geëindig 30 April 2012 R'm
+ 14,8%	**31**	27	55
+ 60,3%	**93**	58	169
- 10,3%	**105**	117	183
+ 13,4%	**229**	202	407
+ 56,7%	**(47)**	(30)	(47)
	58	-	2
	240	172	362
	(53)	(59)	(97)
	187	113	265

Met volmag van die Direksie

JE Grobler
Voorsitter

F Strydom
Besturende Direkteur

CF Kruger
Finansiële Direkteur

5 Desember 2012
Klerksdorp

Aandeelhouers het tydens die algemene jaarvergadering gehou op 26 Augustus 2011 goedkeuring aan die Raad van Direkteure verleen om finansiële bystand te verleen aan die filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerdes van Senwes in terme van artikel 45 van die Maatskappywet, nr 71 van 2008. In terme van die goedkeuring is die volgende bystand gedurende die tydperk onder oorsig verleen:

Onderneming	Bedrag R'000
Senwes International Holdings (Edms) Bpk	**22 626**

KORPORATIEWE INLIGTING

DIREKTEURE

JE Grobler (Voorsitter), F Strydom (Besturende Direkteur)*, Z Bassa, SF Booysen, JBH Botha, MP Fandeso, AJ Kruger, CF Kruger (Finansiële Direkteur)*, NDP Liebenberg, JDM Minnaar (Vise-voorsitter), JJ Minnaar, WH van Zyl.
Maatskappysekretaris: EM Joynt

* Uitvoerend

GEREGISTREERDE KANTOOR

Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571
Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464 7800

OORDRAGSEKRETARISSE EN AANDELEVERHANDELINGSKAMER

Die Maatskappysekretaris
Posadres: p/a Die Sekretaris, Senwes Beperk, Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464 7800
Webwerf: www.senwes.co.za

www.infoworks.biz